

Verhale uit die Ou Testament

Die Toring van Babel – Genesis 11:1-9

Voordat die mense so oor die aarde versprei het, het hulle almal bymekaar gebly. Almal het net een taal gepraat. Almal het op 'n vlakke ver in die ooste gaan bly. Daar was geen klip om mee te bou nie. Maar die mense het 'n plan gemaak! Hulle het vir mekaar gesê: "Kom ons maak stene van klei, dan bak ons hulle hard in vuur." Hulle het dit toe gedoen. Hulle het ook vir mekaar gesê: "Kom ons bou 'n stad met 'n hoë toring. Die toring moet regtig hoog wees. Dit moet sommer aan die hemel raak. As ons dit regkry, sal ons beroemd wees. Ons kan sommer almal saam in die stad bly."

Die mense het gedink hulle kan 'n toring bou wat tot in die hemel gaan. Maar die Here is veel groter as wat enige mens kan dink. Hy moes afkom om te kyk wat die mense hier op aarde aanvang. Hy het die stad en die toring gesien. Toe het Hy gedink: "Die mense bly almal op een plek. Hulle praat almal een taal. Hulle wil nie oor die aarde versprei soos Ek vir hulle gesê het nie. As hulle boonop die toring klaar bou, gaan hulle dink hulle kan enigiets doen! Hulle sal voel hulle het My nie meer nodig nie. Daarom gaan Ek hulle taal deurmekaar maak. Die een mens sal die ander een nie meer kan verstaan nie."

Dit het toe ook gebeur. Skielik kon die mense mekaar nie meer verstaan nie. Hulle het toe maar van mekaar af weggetrek en oor die hele aarde versprei. Hulle het ook opgehou om die stad te bou. Hulle het die stad Babel genoem. Babel beteken deurmekaar. By Babel het die Here die taal van die mense deurmekaar gemaak sodat hulle mekaar nie meer kon verstaan nie.

Die Toring van Babel – Genesis 11:1-9

Inleidende aktiwiteit:

Vir hierdie aktiwiteit kan julle die '50 Ways to say Hello' bladsy gebruik wat verskaf gaan word. Skryf van die woorde neer op klein papiertjies, vou dit toe, gooi dit in 'n sakkie/houertjie/hoed en laat die kinders elkeen 'n papiertjie trek. Sê vir hulle dat hulle elkeen nou 'n woordjie getrek het in 'n ander taal. Die woord is "hallo" in daardie taal. Hulle kry nou so tydjie kans om dit te oefen en dan moet hulle die woord probeer uitspreek. Julle kan soveel keer as wat julle wil woorde trek, oefen en probeer uitspreek.

Vra:

Hoe dink julle het dit gekom dat ons soveel verskillende tale nou op aarde het?

Lees nou saam die Bybelgedeelte – Die Toring van Babel

Vrae:

1. Hoeveel tale het die wêreld gehad toe die verhaal begin het? (Gen 11:1, Net een taal.)
2. Toe die mense op 'n plek besluit het om te gaan bly, wat het hulle gedoen? (Hulle het 'n stad gebou en toe begin aan die toring bou.)
3. Het hulle die toring begin bou oor hulle naby God wou wees en om God te eer of oor hulle 'n naam vir hulleself wou maak/beroemd wees? (Hulle het gesê hulle wil 'n naam vir hulleself maak/beroemd wees.)
4. Op watter ander manier was die mense ongehoorsaam aan God? (Hulle het gekies om almal saam op een plek te gaan bly in plaas van om oor die aarde te versprei soos God bevel het.)
5. Wat het God gedoen sodat die mense Sy reël moes volg om oor die hele aarde te versprei/ oor die hele aarde te gaan woon? (God het hulle taal deurmekaar gemaak sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie en hulle het van mekaar af weggetrek.)

Aktiwiteit:

Gebruik wat julle beskikbaar het vir hierdie aktiwiteit. Voorstelle vir wat om te gebruik: Lego blokkies, kaarte, kartonboksies of boeke.

Gee vir die kinders instruksies om iets te bou waarop jy besluit het soos by 'n huis, robot, kar, ens. Gee presiese instruksies wat hulle moet volg, moenie net sê bou 'n kar nie. As die kinders nie reg gebou het nie, herhinner hulle daaraan dat ons mooi moet luister na instruksies en presies soos die instruksies sê moet doen. Wanneer ons mooi luister en doen soos wat God sê, sal dinge nie so uitmekaar val soos wat in die verhaal gebeur het nie.

Gebedsgids:

- Vra God om jou te help om altyd na Hom te luister en Hom te volg
- Vra God om jou te help om ook na mamma/pappa/oupa/ouma/juffrou/meneer te luister.